LANDGOED OVERGAAUW – OES VAN GENERASIES

Bloed is dikker as wyn



David van Velden skink by die tafel. In die proelokaal pronk die bruide teen die muur, en sy ma se druiwekonfyt op die tafel. Foto's: SAMARIE SMITH

Lekegids vir die perfekte Bordeaux-versnit

Maak seker hoeveel wyn jy wil hê, watter soort styl en watter soort gehalte.

Styl: Vir die oefening het *Leefstyl* 'n Bordeaux-versnit gemaak van cabernet sauvignon, merlot en cabernet frank. 'n Bordeaux-versnit is enige van die volgende kultivars: cabernet sauvignon, merlot, cabernet frank, melbec, petit verdot.

Kennis: Die wynmaker begin die taak met genoegsame kennis van elke komponent, soos byvoorbeeld die oorsprong en die terroir van die kultivar.

Al drie komponente is na die vate oorgeplaas en het reeds die alkoholiese gisting en toe die melksuurgisting (waarna die meeste geure na vore kom) in die tenks ondergaan. Die komponente sal nou oor die volgende 12 maande elk onafhanklik hul volle potensiaal bereik voordat dit versny word en in 2010 gebotteleer word. Vir die oefening is al drie "rowwe diamante" versnit.

Neus: cabernet sauvignon: sjokolade, spesery en

lekker leef

samarie smith

Die Stellenbosch-wynfees (31 Julie tot 3 Augustus) wink 'n mens nader vir 'n Bolandse wynopskop. *Leefstyl* het op een van die deelnemende wynplase, Overgaauw, gaan kuier.

Wees net geduldig, dit sál gebeur. Dit is soos om te wag dat jou groot liefde uiteindelik verskyn, of om die maande verby te tel tot wanneer jou wyne gereed is om versny te word – albei is die geduld werd.

Neem die wynlandgoed Overgaauw buite Stellenbosch as 'n voorbeeld.

Teen die mure van die proelokaal pronk 'n oes van nege bruide uit verskillende generasies van die familie Van Velden. Die meeste van dié troues is op die landgoed beklink is. En van beklink gepraat: Dié landgoed het opwindende bydraes gelewer tot groot gebeure in die Bolandse wyngeskiedenis.

Die betrokke wynmaker, David van Velden, wat verlede jaar die leisels by sy pa, Braam, oorgeneem het, is die vierde generasie wat nou hier boer.

"My oupagrootjie (Abraham van Velden, 1905) het die plaas gekoop en dit na sy ouma se nooiensvan genoem: Overgaauw. Sy het met die eerste van Velden uit België getrou," wei David oor sy familiegeskiedenis uit.

Feitlik die hele familie is nou direk of indirek by die plaas betrokke.

"My oupa David was saam met Frans Malan van Simonsig in die 1940's die eerste wat toriga nacional ('n gewilde bestanddeel van portwyne) uit Portugal ingevoer het. Hy is ook na Bordeaux in Frankryk om klein Franse eikehoutvate in te voer. In 1979 was Overgaauw en Welgemeend die pioniers van die Bordeaux-versnit." Dit is ook die enigste plaas waar met sylvanerdruiwe geboer word.

As naamgenoot van sy oupa het dié David as beskermheer aangestel van sy olyf- en olienhoutbome wat dig teen die wingerd groei. "Hy het gewaarsku dat hy my sal onterf durf ek ooit die bome uithaal," sê David laggend. Hy en sy vrou woon in die Shepherd's Cottage op die plaas. Hul reeks wyne wat verlede jaar bekendgestel is, is daarna genoem.

"Dié skaapwagtershut dateer van die 1700's. My oupa het dit in 'n huisie omskep met die doel dat elke nuwe getroude paartjie minstens twee jaar hier sal woon. Drie van my pa se susters, twee van myne en ek het die tradisie gevolg. Nou is dit nog net my broer, maar ek dink dit gaan nog 'n tydjie duur voordat hy my uitskop!" spot David.

Vir die van Velden's bly die kombuis die hart van die familie waar almal daagliks vir middagete aansit om aan sy ma, Annalie, (of in *Leefstyl* se geval sy suster) se heerlike kos weg te val. Op die tafel staan sy ma se "bekende druiwekonfyt". "Met oestyd vra sy altyd dat ek vir haar druiwe opsy moet hou. Proe, jy sal sien hoekom!"

Op 29 Julie nooi Annalie en Braam 25 gaste. Dan sal David tien wyne by 'n vyfgang-ete laat pas.

Vir dié kuier by die van Veldens, bel Elzette by ☎ 021 884 4656 of besoek www.wineroute.co.za.

Die Shepherd's Cottage, met hartjies in die hortjies, is soos David van Velden se oupa dit vir die jonggetroudes ontwerp het.